

**7 AUGUSTUS**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 27:13-44**  
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 27:22a**

**Hou moed!**

Een van die maklikste dinge op aarde is om moed te verloor. As jy sukkel met die gesondheid, as dit ekonomies maar fyn-sny gaan en as dinge net nie wil uitwerk nie, verloor mens so maklik moed. Dit is om te voel soos die manne op die sinkende skip van Handeling 27 – moedeloos! Onder hierdie moeilike omstandighede spoor die Here hulle deur Paulus aan in ons fokusvers: “Hou moed!” Agter Paulus se woorde staan God. Hy beskik dinge sodat sy wil sal seëvier. Daarom wil God hê dat jy moed moet hou. Dít is geloof: om selfs onder haglike omstandighede moed te hê. Dieselfde God daar op die sinkende skip is ook u en my God. Figuurlik sink baie mense se skip elke dag. Storms teister jou. Voel dit of jy ten gronde gaan? Vandag sê die Here deur sy Woord aan jou: Hou moed! Jesus se bloed is gestort vir jou lewe. Jy kan moed hou want by God is daar vergiffenis en verlossing en liefde en genade. Bowendien, omdat God in Christus ons lewe binnegekom het, kan ons moed hou. God sal jou nie bo jou kragte beproef nie en wanneer Hy jou beproef, gee Hy nog die krag.

*Sing: Skrifberyming 14-2:1*

*Ds Nico Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*